

Gemeenskaplike geloof is gelyk aan die wenresep vir die huwelik

Geloofsonenigheid is 'n groot oorsaak van hartseer in huise. Genadiglik verbind die Verbondsgod nie alleen mense met Hom nie, maar ook met mekaar. Gemeenskaplike geloof is die mees basiese sement wat mense in 'n hegte verhouding met mekaar saamsmee. Wanneer daar nie gemeenskaplike geloof in die ware God deur die soenverdienste van Christus is nie, moet die verhouding op sekondêre gom staatmaak – gom wat soms lyk asof dit hou, maar nie die druk kan hanteer nie. Dit is immers die versoeningswerk en die liefde van Christus wat sinvolle verhoudings weer moontlik maak.

Daarom is die Here baie streng in sy voorskrif dat gelowiges hulle lewensmaat tussen medegelowiges moet seek en leer Hy ons om dit biddend te doen. Ons bely immers in die huweliksformulier dat ons glo dat God mense met sy hand na mekaar toe lei.

Ons leef in 'n wêreld waar saamblyery en 'n hoë egskeidingsyfer toon dat die huwelik baie goedkoop geword het. Dit is nodig dat ons weer met groot nadruk en erns mekaar op die harte druk dat dit God se wil is dat die huwelik geskoei is op gemeenskaplike geloof. Dit is nie ter wille van pretbederwing of uit onsensitiwiteit vir mense se gevoelens nie, maar juis omdat dit die resep is vir 'n lang, hegte en gelukkige verhouding saam.

Sing: Psalm 128:1, 2 (Cloete)

Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)